Is ek uitverkies?

As die onderwerp “uitverkiesing” ter sprake kom, dan hoor ons al gou uiteenlopende menings. Die een word heeltemal gedompel in onsekerheid. Hoe langer die persoon daaroor nadink, hoe meer twyfel hy. Aan die ander kant is daar weer mense wat lyk asof hulle nie eers hieroor hoef te dink nie. Omdat hulle ’n kind van die verbond is, daarom is hulle ook uitverkies.

Is dit so maklik? Kan verbond en uitverkiesing aan mekaar gelykgestel word?

Is jy as verbondskind outomaties uitverkore? Kan jy seker wees van jou uitverkiesing, of is dit soos ’n soort lotery, jy het dit of jy het dit nie?

Hoe praat die Bybel oor uitverkiesing?

Uitverkiesing: waarvan praat ons?

Ons raak aan die hart van die Bybel as ons oor uitverkiesing praat. Met die woord uitverkiesing word daar naamlik baie oor God gesê en baie oor ons. Laat ons begin deur presies te omskryf waaroor dit nou eintlik gaan. Dit kan die beste gedoen word deur na die Dordtse Leerreëls (DL) te verwys. Die DL begin met die sonde van die mens en die reg wat God het om die ganse menslike geslag vir ewig te oordeel. Verder, dat God ondanks dit, tog verlore sondaars uit die sonde en die dood wegneem, en die lewe skenk! Dit is die uitverkiesing. Daaroor sê die DL in die eerste hoofstuk van die Leer, paragraaf 7: “Hierdie uitverkiesing is ’n onveranderlike voorneme van God. Daardeur het Hy vóór die grondlegging van die wêreld ’n sekere menigte van mense uit die hele menslike geslag uitverkies - alhoewel hulle nie beter of waardiger is as die ander nie, maar in die gemeenskaplike ellende saam met die ander lê. Hulle, wat deur hul eie skuld van die eerste regtheid verval het in die sonde en die verderf, het Hy na die vrye welbehae van sy wil, uit louter genade, tot die saligheid uitverkies in Christus, wat Hy ook van ewigheid af tot ’n Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot ’n fondament van die saligheid gestel het.”

Die DL praat dus oor die wónder van die uitverkiesing. Almal het God die rug toegekeer en tóg trek Hy ontelbaar baie na Hom toe (’n skare wat niemand kan tel nie!). Daaragter lê die ewige raadsplan van God: Al Gods werke is Hom al van ewigheid bekend, sê die Bybel. Die DL sê dan ook dat diegene, wat nie deur God uit hierdie verlore mensheid gehaal word nie, nie vir God daarvoor die skuld kan of mag gee nie. Want vir ongeloof dra die mens self die skuld. Hy het God verlaat en word nie deur God daartoe gedwing nie. Niemand sal op die jongste dag vir God van onregverdigheid kan beskuldig nie. Jy het self vir die sonde gekies. En dit is dan ook slegs ’n groot wonder as God jou nie eenkant laat lê nie, maar nog steeds tuisbring by Hom.

Die uitverkiesing gee sekerheid en blydskap

Uit die Skrif is dit duidelik: Daar is uitverkiesing en ook verwerping. Maar watter plek het hierdie leer in ons lewens? Wat maak ons daarmee? Dink ons dat dit ’n tipe noodlot is waaraan ons in elk geval niks kan verander nie? Alles is tog reeds lankal vooraf bepaal?

Of mag ons anders oor die uitverkiesing dink en praat?

Hoe bring die Bybel die uitverkiesing ter sprake? As jy die tekste nagaan waar die uitverkiesing in voorkom, is dit opvallend dat dit op vrolike, selfs uitbundige wyse geskied. In God se Woord word die uitverkiesing aangebied as iets wat mooi en seker is, en beslis nie as iets twyfelagtig maak nie.

Kyk byvoorbeeld na Efésiers 1: 3, 4 : “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.” En Paulus vervolg in vers 5: “deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus...”

Paulus praat hier oor die rykdom van die gemeente. God het die kerk grootliks geseën met al sy seëninge. En nou wil hy wys wat lê agter hierdie seëninge, wat is die bron van dit alles: dit is God se uitverkiesing. God het dit alles self bedink en gedoen. God gee ons ’n plek in die kerk en oorlaai ons met sy gunste, omdat Hy ons uitverkies het. Dit is die diepste rede van ons kerklidmaatskap. Dit is die fondament waarop ons staan in die kerk.

Die kerk bestaan nie uit ’n groep mense, wat almal God gevind het en hulle aan Hom oorgegee het nie. Nee, die kerk bestaan uit mense wat deur God gevind is, van die strate afgehaal is en in Sy huis gebring is. En hoekom? Omdat God dit van alle ewigheid af aan so gewil het. Omdat God, voordat daar enigiets geskape was, ons al gesien het, en ons wou hê. Dus waarom hoort jy by die kerk, waarom glo jy? Omdat God sy hande na jou toe uitgesteek het, selfs toe jy nog nie bestaan het nie, al voor die wêreld bestaan het.

Dit wil dus sê: die verkiesing gee jou sékerheid, want die uitverkiesing sê vir jou: God was jou een voor! Dat jy by God en sy gemeente behoort is nie die resultaat van jou inspanning, of jou soeke na God nie, maar van ’n keuse wat God gemaak het al voor die eerste grondlegging van hierdie wêreld. Die verkiesing maak jou séker!

Die uitverkiesing maak jou ook bly. Dink hier aan ’n ander woord van Paulus, Romeine 8: 29: “Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun….” In hierdie gedeelte wil Paulus ons wys dat ons lewensreis nie ’n soektog met ’n onbekende bestemming is nie, maar ’n deur God begeleide reis na ’n vaste doel: die ewige heerlikheid. Hoe kan ons hiervan seker wees? Paulus sê: Omdat God ons al vantevore (weer: voor die wêreld bestaan het) geken het. En die woord “ken” beteken hier: in liefde ken. God se liefde het al na ons uitgegaan voordat daar enige iets bestaan het. As jy hieroor nadink, word ’n mens onvoorstelbaar bly!

Om te dink, voordat ek nog gebore was, ja voordat God se hand (wat alles geskep het) iets uit niks te voorskyn geroep het, het sy liefde my verkies. Dit mag ek sê, en dit mag ek sing as seun en dogter in die kerk. God het my al van ewigheid af gesien, en toe was Hy al lief vir my. Ek is ’n geliefde, ’n geliefde kind van God. Die een boodskap van die Bybel is dus: Die uitverkiesing gee sekerheid en blydskap!

Uitverkies in Christus

Maar nou is daar natuurlik nog ’n baie belangrike vraag wat ons moet beantwoord: Hoe weet ek dat dit ook vir my geld? ’n Mens kan vanuit die Bybel maklik sê dat alles wat hierbo staan waar is en geld vir die uitverkorenes. Maar is ek ook een van hulle? En hoe kan ek weet dat ek ook een van die uitverkorenes is? Ek kry immers nie ’n briefie uit die hemel waarop my naam staan as uitverkorene nie? Nee, dis waar, maar ons kry Iemand uit die hemel: Jesus Christus. Want tot dusver het ons nog nie by hierdie Naam stilgestaan in ons nadenke oor die uitverkiesing, nie. Hy het mens geword vir ons, en buiten Hom kan ons geen sinnige woord oor die uitverkiesing sê nie. In Efésiërs 1:4 staan: God het ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld in Hom, Jesus Christus.

Toe God die plan gemaak het om ons uit te kies en aan ons saligheid te skenk, het Hy ook al besluit dat die Here Jesus Christus die saligheid vir die uitverkorenes sou verdien. Op daardie

oomblik het die Vader al met die Seun afgespreek dat die Seun mens sou word; toe het die Seun Hom al bereid verklaar om vir ons te ly en te sterf.

Dus: God het ons in liefde aangesien, maar Hy het dit gedoen in Jesus Christus.

Jy mag dus nooit oor die uitverkiesing praat sonder om nie ook oor die Here Jesus te praat nie! Anders verdwyn jy in die mis, vind jy nooit jou pad nie, en word die uitverkiesing 'n lotery. God het ons uitverkies in Jesus Christus. Dit wil sê: God se plan om ons uit te kies het saamgeloop met die plan om dit nie los van Christus te doen nie. Die uitverkorenes word slegs deur hierdie Jesus Christus gered.

Wat beteken dit vir ons? Dit, dat ons alléén sekerheid oor ons uitverkiesing kan hê as ons ons oog op Christus hou. Ons kan nie in die hemel loer of ons naam op die lys staan nie. Tog ontneem dit ons nie van ons sekerheid nie. God wys ons 'n pad van sekerheid: glo in die Here Jesus en jy sal gered word. Daarom kon Calvyn Christus die spieël van die uitverkiesing noem. Deur Hom kan ons reguit in God se hart kyk en Sy ewige liefde vir ons ontdek. Jesus sê: "Kom na My", en ook: "Wie My gesien het, het die Vader gesien." Wie in Jesus glo, het die ewige lewe. Wie homself aan Jesus toevertrou, kom nooit bedroë uit nie. Hy vind sekerheid en rus, hy kom tuis by die Vader. Buite die geloof in Jesus bly jy twyfel, ervaar jy permanente onsekerheid, wanhoop en angs. Maar deur Hom swaai die hemelpoorte oop en word jy in Sy Vaderarms ontvang. Dit is so goed soos 'n briefie wat jy uit die hemel kry: "Ek het jou lief, my kind, al van ewigheid af," sê die Vader, wie van al sy kinders hou. Aan die liefde van God hoef jy geen oomblik te twyfel nie!

Jy moet dus goed verstaan dat jy oor hierdie dinge alleen in geloof kan praat. Jy kan nie op 'n afstand staan en uitgebreid oor 'die uitverkiesing' praat nie. Die uitverkiesing: so 'n onderwerp bestaan nie. Wel mý uitverkiesing, wat ek deur die geloof in die Here Jesus mag ken. As ek opreg glo, sien ek duidelik dat dit 'n wonder is. Want hierdie geloof is 'n geskenk van God, wie my uitkies. So spreek die Dordtse Leerreëls ook in hoofstuk 1 art 12: "Die uitverkorenes word op God se tyd van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid verseker." Lees dit gerus. Daar sien 'n mens duidelik dat jy nooit sonder en buite jou geloof oor uitverkiesing kan praat nie.

Die verkiesing maak jou klein

Kom ons gaan terug na die vrae aan die begin van hierdie artikel. Ons kan en mag van ons twyfel ontslae raak, deur in geloof na die Here Jesus op te kyk. Dit is ook tereg om by die verbond met God te begin. In daardie verbond kom die Here met sy liefde, wat van ewigheid af is, na jou toe. Ons moet egter versigtig wees om te gemaklik hieroor te praat, asof alles outomaties in die verbond gebeur. Want dit is ook God se genade dat jy die verbond aanvaar en dat jy op God se liefde gelowig reageer. Oor al hierdie dinge kan 'n mens slegs in gelowige verwondering praat.

In die slot van hierdie artikel wil ek juis benadruk dat as dit gaan oor die uitverkiesing, niks vanselfsprekend is nie. Want waarom het God ons nou eintlik uitverkies? Wie is ons eintlik? Ons is immers net soos alle ander mense, mislukkings? Ons het dit, net soos ander mense, verdien om vir ewig deur God weggestuur te word. Ons verdien om weggestuur te word en dat Hy niks meer met ons te doen wil hê nie. As jy daaroor nadink, staan jy stomverbaas: hoe is dit moontlik dat God se liefde uitgaan na my, ek die groot sondaar, die vyand van God. Laat ons dit duidelik besef: Van my kant af, het daar geen aantrekkingskrag na God uitgegaan nie. Die wonderlike van God se verkiesing is juis dat God 'n volk gekies het wat alles verknoei het; niks vir Hom kan aanbied nie, behalwe hulle sondes. God sou Hom eintlik vol ewige toorn van ons moes afkeer. En tóg: Hy het vir ons gekies, onbegryplik, onverklaarbaar. "Here, hoe kan dit wees dat U my liefhet? Hoe is dit moontlik?" Ja, hierdie liefde het werklik net van een kant af gekom.

As jy hieroor nadink, word jy klein, baie klein. Wie is ek, dat ek spesiaal is vir God, dat Hy lief is vir my? Die God wat my sou moes wegvee voor Hom, wil my Vader genoem word. God het my in sy hart ingesluit. En Hy verander dit nie; Hy is getrou, sy planne faal nooit. Hy kies sy mense uit en roep hulle tot Hom. Sy woorde waarmee Hy sy kinders roep is nooit sonder uitwerking nie. 'n Mens kan op Hom staatmaak!

Dit maak jou klein. Dit maak jou ook ontsaglik ryk. Daarom mag jy uitbundig oor jou uitverkiesing praat. Want so praat die Bybel ook daaroor. Terselfdertyd praat ’n mens heel beskeie oor die verwerping van die ongelowiges; ook daarin moet ons die Bybel navolg. Lees daarby ook art. 15 van hoofstuk 1 van die Dordtse Leerreëls. Daar lees ’n mens dat God besluit het om sommige mense in ellende te laat, waarin hulle hul deur hulle eie skuld beland het. As jy dit tot jou laat deurdring, dan word die wonder van jou uitverkiesing net nog groter!

Die liefde het indertyd van een kant af gekom, verseker. Maar die liefde kan nie nou steeds van een kant af bly kom nie. God wil dat ons Sy liefde beantwoord. Hy het ons uitverkies om heilig en onberispelik voor sy aangesig te wees. Ons lewens word nou een groot dankoffer, elke dag weer. Uitverkore mense wil tog graag heeltemal toegewy wees aan hulle Vader?

H.J. Messelink

© 2016
www.christelikemedia.org